

HOOFSTUK 2

GROEI EN ONTWIKKELING VAN DIE KINDERWETSKOOL SEDERT 1909

2.1 Inleiding

Op die Nasionale Konvensie in 1908 in Durban was die grondslag van die Unie van Suid-Afrika, wat in 1910 gebore sou word, reeds vasgelê.

Na die Anglo-Boereoorlog was die volk verarm en het agteruitgang en verwaarloosing onder 'n groot gedeelte van die Transvaalse bevolking toegeneem. Veral op maatskaplike gebied was toestande ongunstig vir die opgroeiende geslag. Die Witwatersrand met sy ryk mynbedryf en 'goudkoors' was reeds 'n broeier van maatskaplike onheil.

'n Voormalige hoof van die George Hofmeyrskool, J.H. Vorster, skryf in die gedenkblad, wat met die 50ste herdenking van die skool se stigtingsjaar uitgegee is, soos volg: "Die oorlog was die oorsaak van soveel ellende, armoede, dronkenskap, moedeloosheid en onsedelikheid onder ons mense. Aan vele van die volwassenes onder die armes en gevallenes was daar niks meer te doen nie, kwaad het by hulle 'n deug geword, maar die kinders kon en moes gered word. Redding kon egter nie in die broeineste van die kwaad plaasvind nie, en 'n toevlug moes vir hierdie nasiereddende doel gevind word." (Vorster, 1959 : 33).

2.2 Stigting van die eerste nywerheidskool 1909

In Desember 1908 word 'n prokureur van Pretoria, J. de V. Roos, aangestel as "Sekretaris van die Wetsdepartement." Uit die staanspoor het hy hom beywer vir die verwaarloosde, sorgbehoewende jeug. Deur sy toedoen word in 1909 Wet 38 van Transvaal op die wetboek geplaas en ingevolge hierdie wet, wat noue ooreenkoms toon met die Engelse "Children's Act" van 1908 in Brittanje, word die eerste Nywerheidskool op 1 Oktober 1909 op Standerton in Transvaal geopen. Geld om 'n skool te bou was daar nie en 'n aantal ou militêre barakke uit die Anglo-Boereoorlog moes dien as skool en koshuise op die standplaas waar die Vaalrivierskool vandag geleë is (Du Plessis, 1958 : 61).

Die skool was aanvanklik bedoel vir albei geslagte kinders en het begin met ses seuns en een dogter op die rol. 'n Huisvader was aan die hoof van die skool en aanvanklik was dit weinig meer as 'n veilige hawe vir verwaarloosde armblanke kinders, waar hulle basiese opleiding in ambagte kon ontvang terwyl hulle fisies behoorlik versorg was. Die skool se leerplan was kort en kragtig: "Het skoolonderwijs zal bestaan uit lezen, spellen, schryven en rekenkunde, de beginselen van geschiedenis en aardrykskunde en van eenvoudig boekhouden. Minstens twee uur per dag in de moedertaal en de industriële opleiding van de jongelingen zal zijn in plaats- en tuinwerk, en in zodanige beroepen en ambachten als gerieflijk onderwezen kunnen worden. De industriële opleiding van de meisjes zal zijn in sodanig binnen- en buitenwerk als hun het best bevoegd zal maken om een eerlijk bestaan door werk te kunnen verkrygen. Het onderwyzen van de leerlingen in school en industrieën zal niet minder bedragen dan zes uren per dag en vier uren op Zaterdagen. Het godsdienstonderwijs zal zijn uit de Bybel." (Suid-Afrika (Unie) 1913, art. 62).

In die lig van hierdie leerplan was die doel van die skool ewe elementêr en onomwonde, soos beskrywe deur die "Regulaties vasgestel uit krachte van artikel 54 van Wet 25 van 1913", art. 61.

"De Nijverheidsschool stelt sich ten doel de leerlingen aan tucht en arbeidzaamheid te gewennen, liefde voor arbeid en afkeer van luiheid en onverschilligheid by hun aan te kweken, ze een nuttig ambacht of beroep te leren waarmede ze op een eerlijke wijze hun kos kunnen verdienen, en in algemeen ze tot goeden oppassende burgers op te leiden."

Die beheer en dissipline van die skool was streng. Die magistraat het volle jurisdiksie oor die skool gehad net soos oor gevangnisse. Hy moes die skool met onbepaalde tussenposes besoek en verslag doen aan die minister van Justisie. Behalwe die magistraat kon slegs regters van die hooggeregshof, lede van die beheerraad van die skool en die ondersekretaris van Onderwys die skool besoek. Ouers en naasbestaandes kon 'n leerling slegs een keer per maand vir 'n halfuur op die terrein besoek. So 'n besoek is as 'n voorreg beskou en kon verbeur word deur "wangedrag of vergriep door de leerling of zijn naasbestaanden" (Suid-Afrika (Unie), 1913, art. 67).

In die voorafgaande paragrawe is 'n oorsigtelike beskrywing gegee van die administrasie en funksionering van die eerste nywerheidsskool. Dit sal in hoofstuk vyf gekontrasteer word met 'n beskrywing van hoe die kinderwetsskool vandag daar uitsien.

2.3 Die tydperk onder beheer van die Departement Gevangenis 1909–1917

Die nywerheidsskole sou onder beheer van die Departement van Gevangenis bly tot in 1917. Volgens Theron (1936 : 81–82) was daar geen fout te vind met die feit dat dié skole deur genoemde departement geadminestreer is nie, maar wel met die gedagte dat kindersorg saamgroepeer is met die behandeling van die gewone misdadiger en met die administrasie van tronke; onder dieselfde wet. Hierdie feit sou 'n stigma aan die nywerheidsskool laat kleef wat moeilik uitgewis sou word. Tot vandag toe beskou baie oningeligtes nog die kinderwetsskool as 'n "strafskool".

2.3.1 Die "Gevangenis en Verbetergestichten Wet" van 1911

Hierdie wet was 'n samevatting en wysiging van bestaande wette op bandiete, tronke, verbeteringsgestigte en nywerheidsskole (Theron, 1936 : 81). Volgens hierdie wet is die jeugdiges van die Verbeteringhuis op Emmasdal, 'n plaas naby Heidelberg (Transvaal) oorgeplaas na Houtpoort Verbeteringhuis wat toe onder dieselfde wet geopen is.

Die skool op Standerton het intussen sodanig gegroei dat die rol nou op 82 seuns en 49 dogters gestaan het. Probleme verbonde aan die gemengde skool het die owerhede genoop om 'n aparte skool vir seuns op te rig, terwyl die skool op Standerton voortaan slegs sorgbehoewende dogters sou opneem (Unic-Onderwysdepartement, 1918 : 69).

2.3.2 Emmasdalskool vir seuns 1912

Toe alle seuns van die Standertonse nywerheidsskool in 1912 oorgeplaas is na Emmasdal was daar 115 in getal en 67 meisies het op Standerton oorgebly. Die skool naby Heidelberg het begin in die geboue van die ou Verbeteringhuis en is

Emmasdal Nywerheidsskool genoem, na die vrou van die oorspronklike eienaar van die plaas Emmasdal, wat in lewe volksraadslid vir Heidelberg was (Theron, 1936 : 128).

2.3.3 'n Nywerheidsskool vir seuns in Kaapland 1913

Daar was in hierdie tyd 'n nypende tekort aan akkommodasie vir sorgbehoewende seuns. Spoedig na sy ontstaan is by die skool op Emmasdal begin met die aanbou van geskikte koshuise van die "cottage"- tipe, maar dit kon nog nie die probleem die hoof bied nie.

Die eerste nywerheidsskool vir seuns in Kaapland is op 1 Desember 1913 op George in 'n ou tronkgebou geopen en die eerste seuns is op 12 Desember van dieselfde jaar toegelaat. Spoedig na die stigting van die skool is begin met die oprigting van geskikte skool- en koshuisgeboue en kon tydelik in die behoefte aan akkommodasie vir seuns voldoen word (Unie-onderwysdepartement, 1918 : 69).

2.3.4 Die Kinderbeskermingswet van 1913

Die Kinderbeskermingswet, Wet 25 van 1913, artikel 33, het voorsiening gemaak vir die oprigting van staatsnywerheidsskole en het Wet 13 van 1911 (kyk par. 2.3.1) vervang. Die doel van nywerheidsskole sou voortaan wees die huisvesting van behoeftige, verwaarloosde en hawelose kinders, wat die hof kragtens artikel 34 daarheen verwys. Verder moes die skool hulle oplei en opvoed om sodoende te verhoed dat hulle in misdaad verval (Unie-onderwysdepartement, 1918 : 69). Dit is duidelik hieruit dat opvoeding, eerder as straf, vir die sorgbehoewende kind met genoemde wet beoog is.

2.3.5 'n Nywerheidsskool vir dogters in Kaapland 1915

Die bestaande skole kon nog steeds nie die probleem van akkommodasie die hoof bied nie en op 15 Oktober 1915 is 'n nywerheidsskool vir dogters op Poel's Plein in die Paarl geopen. Die skool het begin met 'n leerlingstal van 12 meisies, maar akkommodasie is kort na die stigting uitgebrei deur die oprigting van

bykomende geboue. Die skool sou met die jare ontwikkel tot die Hoërskool H.S. van der Walt wat 180 dogters kan huisves (Van Rooyen, 1979 : 238 ; Pienaar, 1970 : 39).

Gedurende die tydperk onder beheer van die Departement Gevangenis, is vier nywerheidskole gestig en het die leerlingtal gegroei van 'n skrale 7 in 1909 tot 542 in 1917. Tabel 2.1 hieronder weerspieël die groei van nywerheidskole in hierdie aanvangsjare. (Oorgeneem en gewysig uit Du Plessis, 1958 : 63.)

TABEL 2.1 AANTAL LEERLINGE IN NYWERHEIDSKOLE IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE JARE 1909–1917									
	1909	1910	1911	1912	1913	1914	1915	1916	1917
Standerton – Seuns	6	75	115						
– Meisies	1	44	67	75	112	147	153	152	151
Heidelberg – Seuns				143	154	163	212	239	247
George – Seuns					25	70	75	83	99
Paarl – Meisies							13	40	45
Totaal	7	119	182	218	291	380	453	514	542

2.4 Die tydperk onder beheer van die Unie-Onderwysdepartement 1917–1937

Met die oorpasing van die administrasie van die nywerheidskole in 1917 na die Unie-Onderwysdepartement was mnr. George Hofmeyr Sekretaris van die Departement. Boshoff (1958 : 38) meen dat Hofmeyr beskou moet word as die grondlegger van die nywerheidskool gegrond op "humane opvoedkundige beginsels". Voortaan sou nywerheidskole ware skole wees en nie meer plekke van aanhouding nie. Dit was nie om administratiewe redes dat die skole oorgeneem is deur 'n onderwysdepartement nie, maar om redes van suiwer opvoedkundige aard. Hofmeyr het 'n diepgaande studie gemaak, soos afgelei kon word uit sy verwysings in verslae na standaardwerke oor onderwys en praktyk in verband met die verwaarloosde kind oorse (Boshoff, 1958 : 38 ; Du Plessis, 1958 : 50).

Hofmeyr het benewens persoonlike besoeke aan die skole ook die dienste van Prof. Gawie Cilliers van die Universiteit van Stellenbosch verkry, wat die skole geïnspekteer en hom van inligting voorsien het, sodat 'n geheelbeeld van die werk in die skole verkry kon word.

2.4.1 Die eerste nywerheidskool in die Vrystaat 1918

Akkommodasie vir die stygende getalle van sorgbehoewende kinders was nog steeds onvoldoende en op 1 Augustus 1918 word 'n skool vir seuns geopen op die plaas Rooдеpoort aan die hoofpad vanaf Bloemfontein na De Wetsdorp. Die skool het oor 'n dam en 200 acre besproeiare grond beskik. Dit is geopen met vyf seuns wat vanaf George se skool oorgeplaas is, maar toewysings het so vinnig geskied dat daar teen die einde van dieselfde jaar reeds 56 leerlinge was. Die skool is later vernoem na die stigter van die eerste nywerheidskool, mnr. J. de V. Roos, en staan vandag bekend as die Jimmy Rooskool, met 'n maksimum leerlingstal van 160 seuns. Dit is voor-die-handliggend dat die seuns aanvanklik in die skool hoofsaaklik ambagsopleiding sou ontvang met landbou as hoofvak (Theron, 1938 : 129).

2.4.2 Inspeksiedienste word ingestel 1919

Die dienste wat deur Cilliers gelewer is ten opsigte van skoolinspeksies, het die belangrikheid van sodanige dienste beklemtoon en op 1 Januarie 1919 het mnr. Kempff as eerste 'inspekteur van inrigtings' by die Unie-Onderwysdepartement diens aanvaar. Hy sou voortaan verantwoordelik wees vir inspeksies by al vyf nywerheidskole. Aanbevelings in hier voege in sy eerste inspeksieverslag het daartoe aanleiding gegee dat 'uitblinkers' onder die leerlinge van die skool op Standerton voortaan sekondêre klasse aan die provinsiale skool kon bywoon.

Nog in dieselfde jaar is twee kinderinspekteurs aangestel wie se taak dit sou wees om leerlinge wat reeds uitgeplaas is te besoek en oor hulle rapporte in te dien. Dit was die begin van nasorgwerk soos wat vandag deur amptenare van Volkswelsyn gedoen word (George Hofmeyrskool, Gedenkblad, 1959 : 39).

2.4.3 Wet 26 van 1921 en die stigting van die eerste nywerheidsskool vir dogters in die Vrystaat

Wet 26 van 1921 het voorsiening gemaak vir die uitbetaling van moederspensioene. Hiervolgens sou weduwees en moeders wat alleen verantwoordelik is vir die versorging van hul kinders, 'n toelae ontvang om hulle finansiële te help. Dit was duidelik dat die staat hiermee 'n poging aangewend het om gesinsversorging te bevorder en om inrigtingsversorging en die steeds groeiende aantal sorgbehoevende kinders te verminder. Die poging was egter nie baie geslaagd nie en nog in dieselfde jaar is die eerste nywerheidsskool vir dogters in die Vrystaat in Bloemfontein geopen. Weens noodomstandighede is die skool begin in ontruimde militêre barakke. Dit was aanvanklik 'n voorbereidende skool vir seuns en dogters en sou ook dien as deurgangsskool na ander nywerheidsskole. Die proefneming was egter nie so geslaagd as wat die aanvanklike verwagting was nie, en het in 1927 ten einde geloop toe die seuns na ander skole oorgeplaas is en Tempesskool 'n suiwer meisieskool geword het (Du Plessis, 1958 : 83).

2.4.4 Excelsiorkool word opgerig 1925

Aansoeke om toelating tot Nywerheidsskole het nog steeds ingestroom by die Departement. Om aanvullende akkommodasie vir seuns te kry is 'n nuwe skool vroeg in 1925 op King William's Town geopen. 'n Hoof sowel as enkele personele is vanaf ander nywerheidsskole oorgeplaas en nie alleen was doelmatige geboue beskikbaar nie, maar die skool kon ook wegspring met 'n jong maar ervare personeel wat bekend was met die doelwitte, gees en administrasie van 'n nywerheidsskool.

Die belangstelling van regeringskant in nywerheidsskole blyk uit die feit dat die destydse Eersteminister, generaal J.B.M. Hertzog, persoonlik die skool amptelik gaan open het op 3 September 1925. By dié geleentheid is melding gemaak daarvan dat seuns wat hul skoolopleiding voltooi het, moontlik van betrekkings voorsien kan word in die plaaslike fabriek (Excelsiorkool, Jubileumblad, 1975 : 50).

2.4.5 Wet 27 van 1934

Hierdie wet was van besondere belang omdat dit 'n belangrike bydrae gelewer

het tot die klassifisering van toewysings. Wet 27 van 1934 het voorsiening gemaak vir die oordrag van verbeteringskole na die Unie-Onderwysdepartement. Leerlinge in die nywerheidskole wat kriminele neigings toon, kon nou oorgeplaas word na verbeteringskole.

2.4.6 'n Interdepartementele komitee 1934–1937

In 1934 is 'n Interdepartementele Komitee insake behoeftige, verwaarloosde, onaanpasbare en misdadige kinders en jongmense benoem onder voorsitterskap van dr. L. van Schalkwyk. Hulle opdrag was om die saak van kindersorg en -beskerming deeglik te ondersoek en aanbevelings te maak vir die formulering van 'n nuwe kinderwet. Vir vier jaar is 'n intensiewe studie gemaak van wat geleer is uit 20 jaar se ervaring op die gebied van spesiale kindersorg, sowel as 'n bestudering van maatskaplike probleme en oplossings daarvan oorsee. In 1937 is 'n verslag deur die komitee uitgebring wat aanleiding gegee het tot die nuwe Kinderwet (Theron, 1938 : 184 ; Boshoff, 1958 : 4).

2.4.7 Die Kinderwet van 1937

Proklamasie 754 in die Buitengewone Staatskoerant no. 2440 van 18 Mei 1937, het die nuwe Kinderwet, Wet 31 van 1937 gepromulgeer. Met die verskyning van hierdie wet het kinderversorging in Suid-Afrika, en in besonder in staats-inrigtings, waaronder nywerheidskole ressorteer, 'n nuwe tydperk binne gegaan.

Die administrasie van die Kinderwet in geheel word nou onder 'n nuwe departement, die Departement Volkswelsyn, geplaas en die Unie-Onderwysdepartement sou slegs verantwoordelik wees vir die gedeeltes wat oor nywerheidskole en verbeteringskole handel (Du Plessis, 1958 : 93).

Die Kinderwet maak onder meer voorsiening vir die instelling van kinderhove en kommissarisse van Kindersorg asook die geheimhouding van kinderhofverrigtinge (art. 2 en 6 : 14 en 18). Hoofstukke 2 en 3 maak voorsiening vir die beskerming van jong kinders en verhoeding van verwaarloosing, mishandeling en uitbuiting van kinders. Verder word voorsiening gemaak vir veiligheidsplekke waar kinders tydelik in bewaring geneem kan word terwyl hulle wag op afhandeling van kinderhofverrigtinge (Kinderwet, Wet 31 van 1937, art. 37 : 54).

In die lig van hierdie wet stel die Onderwysdepartement in 1937 weer sy beleid ten opsigte van nywerheidskole duidelik. Die volle geestelike rehabilitasie van elke leerling word beoog langs die weg van 'n grondige studie en deeglike kennis van die swakhede en behoeftes van elke leerling. Die organisasie van die skool en die metode van onderwys moet aanpas by die behoeftes van die kind (Report of the Department of Education, 1937 : 28–31).

2.5 Die tydperk 1938 tot 1968

Gedurende hierdie tydperk het spesiale onderrig van kinders met subnormale intelligensie spesiale aandag geniet en is verskeie skole opgerig vir hierdie doel en later is ook bestaande skole omskep in spesiale skole, soos verdere aangetoon sal word.

2.5.1 Die ontstaan van die Vlakteskool; 'n Spesiale skool vir dogters 1938

In 1932 is 'n spesiale klas van 36 'moeilike' dogters 'afgestig' van die nywerheidskool op Standerton en gehuisves in twee eners groot leë woonhuise wat al vir 'n geruime tyd gehuur is as addisionele huisvesting. Mej. Bührman moes vir ses jaar die spesiale klas hier versorg en onderrig. Aan die einde van 1937 was die leerlingtal alreeds 63 en op 1 Januarie 1938 het die spesiale klas 'n afsonderlike skool geword bekend as die "Vlakte Hulp-Nywerheidskool". Klaskamers en slaapkamers was in dieselfde geboue en tente is opgeslaan vir ekstra klasruimte (Vlakteskool, Verslag van die hoof, 1939 : 4).

Die skool het in hierdie moeilike omstandighede onderrig verskaf aan dogters met subnormale intelligensie en het steeds gegroei totdat die skoolgebou in 1943 en 'n moderne koshuis in 1960 opgerig is. Die twee oorspronklike woonhuise het nog as koshuise gedien en die skool kon nou 110 dogters huisves (Vlakteskool, Verslag van die hoof, 1961 : 1).

2.5.2 'n Spesiale skool vir seuns word te Rustenburg opgerig 1939

Die behoefte aan 'n spesiale skool vir die onderrig van seuns was nog steeds 'n knelpunt, en op 1 Januarie 1939 is die landbou-nywerheidskool naby De Wets-

dorp omskep in 'n "ambagsindustrieskool" om voorsiening te maak vir seuns met subnormale intelligensie.

Op 1 Augustus 1939 is 'n spesiale skool vir seuns gestig op die ou landbou-proefplaas naby Rustenburg, met die doel om voorsiening te maak vir die gedragsmoeilike sorgbehoewende kinders. Sulke leerlinge wat sielkundig-afwykende gedragsneigings openbaar het, was 'n slegte invloed vir ander sorgbehoewende kinders; alhoewel hulle nie kandidate vir die verbeteringskool was nie. Daar is gehoop dat hulle in 'n afsonderlike skool beter beheer en opgevoed kan word (Unie-onderwysdepartement, 1938 : 28).

2.5.3 Ses nuwe skole word opgerig

Ten spyte van die ontbranding van die Tweede Wêreldoorlog in 1939, het die Onderwysdepartement onder dié moeilike omstandighede steeds voortgegaan om nuwe nywerheidsskole op te rig.

In 1942 moes die Houtpoort Verbeteringskool vir die tweede keer plek maak vir 'n nywerheidsskool (kyk par. 2.3.1). Die skool was bedoel vir seuns met subnormale intelligensie en sou later bekend staan as die J.W. Lückhoffskool met akkommodasiegeriewe vir 120 seuns.

Tot 1943 was die Vlakteskool die enigste skool vir dogters met subnormale intelligensie. In dieselfde jaar egter is die Huishoudskool op Tweespruit omskep in 'n nywerheidsskool soortgelyk aan die Vlakteskool. Hierdie skool is vroeg in 1944 verskuif na Ladybrand in die Vrystaat. Dit kon slegs 48 dogters huisves (Du Plessis, 1958 : 96).

Met die verskuiwing van George Hofmeyrskool op Standerton in 1942 na die nuwe standplaas waar dit vandag is, is die barakke op die ou standplaas gesloop en 'n pragtige nuwe seunskool het verrys. Die skool staan vandag bekend as Vaalrivier Seunskool en kan 194 seuns huisves (George Hofmeyrskool Gedenkblad, 1959 : 40).

Met die stigting van die Vaalrivierskool op 8 September 1944 het Standerton

die eerste, en tot vandag toe die enigste, dorp geword om drie nywerheidskole te huisves. Dit het ook terselfdertyd die eerste en enigste dorp geword om drie kinderskole vir leerlinge van beide geslagte te huisves, naamlik George Hofmeyrskool (meisies), Vaalrivierskool (seuns) en Vlakteskool (meisies). Laasgenoemde feit is van besondere belang vir die sosialiseringstaak van die skool soos verderaan in hoofstuk vyf volledig bespreek sal word.

In Januarie 1946 is die ou Britse lugmagbasis te Queenstown aan die Departement oorgedra en is 'n seunskool in die bestaande geboue ingerig. Die skool was bedoel as deurgangskool, maar het later 'n nywerheidskool geword, wat vandag bekend is as Hoërskool J.J. Serfontein. Die skool huisves tans 194 seuns. In dieselfde jaar (1946) is 'n spesiale skool vir dogters op Oudtshoorn geopen in die ontruimde geboue van die tegniese skool wat na 'n nabygeleë ontruimde militêre kamp verhuis het. Dit is later die Petra-meisieskool gedoop en kan 'n maksimum van 82 dogters huisves (Departement van Onderwys, Jaarverslag 1946/47 : 15).

Vir die volgende vier jaar het die stigting van skole afgeneem en eers in 1951 is 'n vierde spesiale skool vir dogters met subnormale intelligensie in Wolmaransstad geopen. Die skool het begin in die geboue van 'n huishoudskool wat kort tevore op dié dorp gesluit is. Vandag heet dit die Dacraadskool en kan huisvesting bied aan 108 dogters (Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, Jaarverslag 1951 : 22).

In die dertien jaar sedert 1939 is agt nuwe skole gestig teenoor die agt van die voorafgaande dertig jaar sedert 1909. Daar was dus nou sestien nywerheidskole in die land met 'n gesamentlike leerlingtal van ongeveer tweeduusend.

2.5.4 Die skole kry sielkundige dienste

Reeds in 1917 met die oornome van beheer van die nywerheidskole deur die Unie-Onderwysdepartement, is die behoefte aan opgeleide sielkundige personeel deur die sekretaris van Onderwys beklemtoon. Dit was egter eers in 1938 dat die pos van onderwyser-sielkundige aan die hoofkantoor van die Departement ingestel is. Sy taak was om sielkundige dienste aan die skole te lewer en te ontwikkel, maar dit was gou duidelik dat dit 'n onbegonne taak vir een man was

(Unie-onderwysdepartement, Jaarverslag, 1938 : 27).

In 1946 is poste van onderwyser-sielkundige by al die skole ingestel. Sommige van die groter skole het selfs twee poste gekry en enkele vise-hoofde is benoem op grond van kwalifikasies in Sielkunde (Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, omsendminuut E/14/115 van 1954).

Die instelling van sielkundige dienste by skole was 'n uitvloeisel van die nuwe benadering tot die opvoeding van die sorgbehoewende kind, wat so duidelik uitgestraal is deur die Kinderwet van 1937 (kyk par. 2.4.7).

2.5.5 Gebrek aan akkommodasie vir seuns en dogters met subnormale intelligensie

Vanaf 1956 tot 1966 word jaarliks in die jaarverslae genoem dat akkommodasie vir seuns en dogters met normale intelligensie voldoende was, maar dat die stygende getalle van seuns en dogters met subnormale intellektuele vermoëns nie geakkommodeer kon word nie. Lang waglyste het soms ontstaan en in ander gevalle moes kinders vir lang periodes in plekke van veiligheid aangehou word omdat daar geen vakatures in die skole wat vir sulke kinders bedoel is, bestaan nie.

Die Departement het egter voortdurend pogings aangewend om die probleem die hoof te bied. In 1956 is die tekort aan akkommodasie by seuns die kwaaieste ondervind. Die Vaalrivierskool is in dieselfde jaar nog omskep in 'n spesiale skool vir die opleiding van seuns met subnormale intelligensie. Dit het egter net tydelike verligting gebring (Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, Jaarverslag, 1957 : 8).

In 1958 word in die jaarverslag gemeld dat die aansoeke om opname van seuns met subnormale intelligensie steeds instroom en dat die omskakeling van Vaalrivierskool na 'n skool vir subnormale seuns slegs tydelike verligting van die probleem gebring het. Gedurende dieselfde jaar is 'n begin gemaak om ook Excelsiorkool op King William's Town, 'n skool wat 250 leerlinge kon akkommodeer, geleidelik in 'n skool vir dom- en subnormale seuns te omskep. Voorts

word ook gemeld dat die skole vir dogters met subnormale intelligensie ook gedurende dié jaar oorvol was (Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, Jaarverslag, 1958 : 6-7).

2.5.6 Heuwelkruinskool word opgerig 1964

Ten spyte van die feit dat daar in 1959 by die Vlakteskool, wat 'n spesiale skool vir dogters met subnormale intelligensie is, 'n koshuis vir 56 addisionele dogters voltooi is, was die voorsiening van akkommodasie vir subnormale dogters nog nie na wense nie (Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, Jaarverslag, 1959 : 7).

In 1964 is 'n nuwe skool, Heuwelkruinskool, vir dogters met subnormale intelligensie, op Knysna geopen. Daar is gehoop dat hierdie skool, tesame met uitbreidings wat by Daeraadskool op Wolmaransstad beoog is, verligting sou bring wat betref die plasing van dogters. Onderstaande vergelykende syfers gee 'n beeld van die toename in die getal skole, leerlinge en beskikbare akkommodasie oor die voorafgaande agt jaar:

	1955			1963		
	Getal Skole	Beskikbare Ruimte	Getal Leerlinge	Getal Skole	Beskikbare Ruimte	Getal Leerlinge
Seuns	8	1580	1455	9	1705	1559
Dogters	7	731	648	8	903	953
	15	—	—	17	—	—

(Gegewens verkry uit jaarverslac van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap.)

2.6 Tydperk onder beheer van die Departement Hoër Onderwys 1968 tot 1970

Vir die drie jare hierbo genoem, het die departement onder wie se beheer nywerheidskole ressorteer bekend gestaan as die Departement van Hoër Onderwys.

In 1971 is die naam van die departement verander na Departement Nasionale Opvoeding soos dit vandag nog bekend staan.

2.6.1 Die aanstelling van Tegniese Vise-hoofde 1968

In 1968 is agt poste van vise-hoof (tegnies) by die bestaande seunskole ingestel en nog in dieselfde jaar is al die poste gevul met manne wat tegnies goed gekwalifiseer is. Die tegniese vise-hoof was addisioneel en het geensins die bestaande poste van vise-hoof (akademies) geraak nie. Dit was 'n goeie tree vorentoe, want dit is vanselfsprekend dat die onderrig van ambagte en tegniese vakke beter daaraan toe sal wees wanneer die persoon in beheer self in 'n tegniese rigting gekwalifiseer is. Hulle besondere taak was om werkswinkelonderrig te organiseer, administreer en beheer daarvoor uit te oefen. Die departement sê in sy verslag dat dié stap van die begin af heilsame resultate getoon het (Departement Hoër Onderwys, Jaarverslag, 1968 : 30).

2.6.2 Konferensie van hoofde 1968

Gedurende die jaar 1968 is vir die eerste keer 'n konferensie van hoofde van kinderwetskole aan die hoofkantoor van die Departement Hoër Onderwys te Pretoria gehou. Referate oor aktuele sake is deur amptenare van die Departement gelewer en vrugbare samesprekings oor die opvoeding en onderrig aan nywerheidskole het nuwe lig op talle probleme gewerp. Die direkteur skryf soos volg oor die konferensie: "Dit was opmerklik met watter entoesiasme, deursettingsvermoë en insig personeel aan nywerheidskole opvoedkundige probleme hanteer en oplos. Die konferensie was ongetwyfeld van groot waarde vir diegene wat dit bygewoon het sowel as vir die skole wat hulle verteenwoordig het." (Departement Hoër Onderwys, Jaarverslag, 1968 : 30).

'n Hoof van 'n nywerheidskool is iemand wat daagliks beslissings maak in verband met probleme van velerlei aard en samekoms van hoofde met senior amptenare van die Departement kan slegs heilsaam wees vir die hoof, sy personeel en leerlinge.

2.6.3 Vooruitgang

In paragraaf 2.6.1 van die jaarverslag oor nywerheidskole (1969 : 15) gee die Departement erkenning vir die werk wat aan dié skole gedoen word: "Die Kinderwetskole het in die jongste jare goeie vooruitgang gemaak. Dit word weerspieël in die leerlinge se kleredrag, hul eksamenuitslae en die aanvaarding van die leerlinge deur die plaaslike gemeenskappe, en in die verbeterde en gemoderniseerde leerplanne, die spyskaarte, die sportprogramme en die buitemuurse kulturele bedrywighede en die bouprogramme aan hierdie skole."

In 1965 is 'n departementele komitee benoem om ondersoek in te stel na personeelvoorsieningskale. In Augustus 1966 het die komitee 'n verslag uitgebring as gevolg waarvan groot verbeterings ten opsigte van personeelvoorsiening ook by nywerheidskole aangebring is:

- Die pos van senior onderwyser is vir die eerste keer by nywerheidskole ingestel.
- Die leerlingtal vir die toewysing van sielkundiges is aansienlik verlaag. Voorheen was die vereiste leerlingtal vir 'n tweede pos 150 en 300 vir 'n derde pos van onderwyser-sielkundige. Uit hoofde van die aanbeveling van die komitee word dit verlaag na 110 en 200 onderskeidelik (Verslag oor Onderwyspersoneel, 1966 : 30–35). Hierdie verbetering in die toewysing van sielkundiges het meegebring dat 'n meer individueel-gerigte terapeutiese program deur sielkundiges by die skole uitgevoer kon word.

2.6.4 Die eerste Kinderwetskool (Bergsigskool) in Natal 1970

Die eerste nywerheidskool en tot die huidige die enigste van sy soort in Natal, is in 1970 op Utrecht geopen. Die skool heet Bergsigskool en is 'n spesiale skool vir dogters. Die feit dat hierdie pionierskool in Natal een-en-sestig jaar na die stigting van die eerste nywerheidskool tot stand gekom het, moet aan onbekende omstandighede toegeskryf word. Dit is sekerlik geen aanduiding dat daar in die tydperk geen kinders in Natal sorgbehoewend bevind was nie. Die skool kan 120 dogters huisves en die doel met die oprigting van die skool

was nog steeds om meer akkommodasie beskikbaar te stel vir dogters met sub-normale intelligensie (Departement Nasionale Opvoeding, Jaarverslag, 1970 : 20).

2.7 Die tydperk onder beheer van die Departement Nasionale Opvoeding 1970--

Gedurende hierdie tydperk is slegs een nuwe skool geopen, naamlik die Kapenhofskool vir dogters. Die skool bied die spesiale kursus aan, (kyk par. 2.7.4 hieronder), kan 80 dogters akkommodeer en is in Constantia opgerig.

Daar het egter sedert die aanvang van hierdie periode merkwaardige ontwikkelinge plaasgevind ten opsigte van leerplanne, aanbidding van nuwe kursusse, uitbreiding van opvoedkundige hulpdienste en fisiese geriewe by die skole.

2.7.1 Aanbidding van handels- en tegniese vakke

Tegniese vakke word by alle nywerheidskole vir seuns aangebied en wel in die volgende ambagsrigtings: Bou-, Motor- en Metaalambagte, Elektriesênwêrk, Bakkery en Kleremakery. By dogterskole word Huishoudkunde, Naaldwêrk, Inrigtingsbestuur en Huisvlyt aangebied.

Handelsvakke word reeds sedert die sestigerjare by nywerheidskole aangebied. Sedert 1970 bied die seunskool op George en die meisieskool in die Paarl 'n volledige handelskursus vir die Senior Sertifikaat aan. Sedert 1974 bied die Tempe-meisieskool in Bloemfontein en sedert 1975 ook die George Hofmeyr Meisieskool op Standerton die Senior Sertifikaat in handel aan (Departement Nasionale Opvoeding, Jaarverslae, 1974 : 42 ; 1975 : 41).

2.7.2 Klassifisering volgens I.K. en die nasionale stelsel van gedifferensieerde onderwys

In 1973 is die kinderwêtskole ooreenkomstig die verstandelike vermoëns van die leerlinge in vier kategorieë ingedeel, naamlik skole vir leerlinge met 'n I.K.-telling van: (a) 105+, (b) 90--104, (c) 80--89 en (d) 79 en laer. Voortaan sou toewysings van leerlinge aan afsonderlike skole volgens hierdie kategorieë gedoen word (Departement Nasionale Opvoeding, Jaarverslag, 1973 : 55).

In dieselfde jaarverslag word bekend gemaak dat die nasionale stelsel van gedifferensieerde onderwys vanaf 1 Januarie 1974 by alle skole ingevoer word. Die praktiese kursus sal by alle skole aangebied word behalwe by die hoërskool vir seuns op George en die hoërskool vir meisies in die Paarl. Gelyktydig met die stelsel van gedifferensieerde onderwys is ook 'n jeugweerbaarheidsprogram by alle skole geïmplementeer (Departement Nasionale Opvoeding, Jaarverslag, 1974 : 44). Die jeugweerbaarheidsprogram was die antwoord op 'n lankgevoelde behoefte in die opvoedingsprogram van die sorgbehoewende kind.

2.7.3 Uitbreiding van opvoedkundige hulpdienste

Vanaf 1977 is 'n begin gemaak om die biblioteke by skole (wat tot dusver hoofsaaklik ontspanningslektuur bevat het) in bronneseentrums te omskep. 'n Inspekteur vir biblioteekdienste is by die hoofkantoor van die Departement aangestel. Hy het skole besoek en saamtrekke by verskeie skole gehou waar bronneseentrumpersoneel indiensopleiding ontvang het. Ook het hy skole geadviseer oor die verkryging van naslaanwerke, film- en strokiesfilm-materiaal en oudiovisuele hulpmiddels. Onder sy leiding het die bronneseentrum by die skool 'n mekka geword, waar kennis binne bereik van die leerling geplaas is. Sedert 1982 is die pos van onderwyser (bronneseentrum) as 'n voltydse pos by alle skole geïmplementeer (Departement Nasionale Opvoeding : Spesiale verslag oor ontwikkeling by kinderwetskole, 1983 : 1).

In 1982 is alle hoofde van Departementele inrigtings vir 'n week in Pretoria saamgetrek vir 'n kursus in bestuur, waar veral klem gelê is op die bestuursrol van die hoof volgens die SANSO-stelsel van bestuur. Aangesien 'n hoof van 'n kinderwetskool 'n veeleisender administratiewe taak het as by die gewone skool, was hierdie kursus van groot waarde vir die hoofde.

Voortspruitend uit hierdie kursus is 'n "Professionele handleiding vir al die opvoeders van pedagogiesverwaarloosde kinders" deur amptenare van die Departement saamgestel en aan skole beskikbaar gestel (Spesiale verslag oor ontwikkeling by kinderwetskole, 1983 : 1). Hierdie handleiding is veral van groot waarde vir onervare onderwysers aan kinderwetskole.

In 1977 is die poste van onderwyser (sielkundige), senior onderwyser (sielkundige) en vise-hoof (sielkundige) vervang deur assistent skoolsielkundige, skoolsielkundige en senior skoolsielkundige. Hierdie stap was nie bloot 'n verandering in benaming van die poste nie, maar het daadwerklik vrugte afgewerp en as gevolg van die gepaardgaande verbeterde diensvoorwaardes aan die nuwe poste verbonde, is beter gekwalifiseerde personeel gewerf, soos blyk uit die volgende uittreksel uit die jaarverslag van die Departement (1977 : 39) : "Navorsing by kinderwetskole oor die afgelope twee jaar het aan die lig gebring dat daar 'n beduidende persentasie leerlinge is wat as psigoneurologies leergestremd beskou kan word. In die verlede is hierdie gevalle nie uitgeken nie en het hulle derhalwe nie noemenswaardige aandag ontvang nie. Die vroeë identifikasie van en remediërende onderrig aan sodanige leerlinge geniet nou prioriteit by hierdie skole."

Om opvoedkundige hulpdienste verder uit te brei is die pos van verpleegkundige sedert die begin van 1983 by alle skole ingestel en die aanstelling van vakkundige personeel in die koshuise word reeds deur die Departement in vooruitsig gestel in die nabye toekoms (Departement Nasionale Opvoeding : Spesiale verslag oor die ontwikkeling by kinderwetskole, 1983 : 2). Die instelling van hierdie poste bring mee dat gespesialiseerde aandag aan die fisiese versorging van die kind gegee word, wat van die grootste belang geag word om die weg voor te berei vir verdere opvoeding van die pedagogies verwaarloosde kind waarmee die kinderwetskool te make het.

2.7.4 Spesiale kursusse

Spesiale kursusse vir verstandelik gestremde leerlinge word reeds vanaf 1978 by sekere kinderwetskole aangebied. In 1981 rapporteer die Departement dat alhoewel daar nie 'n toename in leerlinggetalle by kinderwetskole gedurende die jaar was nie, daar wel 'n merkbare verskil was by die soort kind wat toegelaat is. Veral die leerlinge wat gedurende die voorafgaande drie jaar vanaf kinderhuise oorgeplaas is, was byna uitsluitlik verstandelik gestremd. As gevolg hiervan moes die Departement die fasiliteite vir die Spesiale Kursus by die kinderwetskole uitbrei sodat daar nou drie skole vir seuns en drie skole vir meisies is wat dié kursus aanbied (Departement Nasionale Opvoeding, Jaarverslag, 1981 : 22).

2.7.5 Personeeluitbreiding

Tot aan die einde van 1981 het die bestuur van die kinderwetskool berus by 'n hoof en een departementshoof by dogterskole, en 'n hoof plus twee departementshoofde in die geval van seunskole. Die bestuurstruktuur van al die kinderwetskole is egter sedert 1982 aansienlik uitgebrei. Adjunk-hoofposte is by alle S1-skole ingestel. 'n Aantal onderwysposte is in departementshoofposte omskep, onder andere dié van departementshoof (opvoedkundige leiding). Met die verdere instelling van die pos van departementshoof (huishoudkunde) by al die dogterskole en die poste van onderwyser (bronneseentrum, voltyds) en onderwyser (remediërend) by al die skole, is die beginsel van spesialisasie in die onderwys by kinderwetskole 'n stap verder gevoer (Departement Nasionale Opvoeding: Spesiale verslag oor die ontwikkeling by kinderwetskole, 1983 : 2).

Met die ontwikkeling deur die jare het die kinderwetskole nie net in getal gegroei nie, maar ook in so 'n mate ontwikkel dat dit met reg 'n onderwys- en opvoedingsinrigting genoem kan word.

2.8 Samevatting

Die nywerheidskool het vyf-en-sewentig jaar gelede begin as 'n "reddingsoord" vir verwaarloosde en misdadige jeugdiges. Tot 1917 is nywerheidskole deur die Gevangenisdepartement geadministreer. Dissipline was streng en van opvoeding het weinig tereggekom.

Die Kinderbeskermingswet van 1913 het grootliks daartoe bygedra om die opvoedkundige aspek in dié skole te verbeter. Tot 1917, toe beheer van die skole aan die Unie-Onderwysdepartement oorgedra is, is vier nywerheidskole opgerig.

Die Kinderwet van 1937 wat 'n uitvloeisel was van die Interdepartementele komitee (1934 tot 1937), het 'n totale nuwe benadering tot die opvoeding van die sorgbehoewende kind ingelei. In 1946 is sielkundige dienste by die skole ingestel – die begin van opvoedkundige hulpdienste.

Sedert 1917 is nog veertien skole geopen sodat daar vandag agtien kindernet-skole in die RSA bestaan. Ontwikkeling ten opsigte van verbeterde leerplanne, gedifferensieerde onderwys, opvoedkundige hulpdienste, spesiale kursusse en gespesialiseerde studierigtings, wat vinnig op mekaar gevolg het gedurende die afgelope dekade, het van die kindernet-skool van ons dag 'n moderne opvoedings-inrigting gemaak, wat die opvoeding van die sorgbehoewende kind in totaliteit, sy doelstelling gemaak het.